HOËR MEISIESKOOL PAARL
PAARL GIRLS' HIGH SCHOOL

4th Term 2011 : Newsletter

FROM THE OFFICE

It seems as if this year flew by at a tremendous pace – almost everybody experiences the end of year rush and looks forward to a well deserved break. We had several highlights during this last term – Prize giving ceremonies, Artes evening, Music concerts and the Carols by Candlelight event, to name but a few.

Die nuwe skooluniform ontvang steeds vele lof. Ons leerlinge lyk pragtig en dra die uniform met trots. Ons vra om verskoning vir die feit dat die verskaffer van die uniforms nie altyd by hul spertye hou nie – ons tree gereeld met hulle in gesprek en probeer ons bes om die voorraad in die klereboetiek aan te vul. Wees asseblief geduldig, ons doen wat ons kan.

Thank you to all our learners and parents who are loyal supporters and who aim to make positive contributions towards our school – you create and maintain our GHS "magic" continually and make every day special!

'n Spesiale woord van dank aan elke leerling wat elke geleentheid benut om hul volle potensiaal te bereik – dit gaan nie ongesiens verby nie. Dankie ook vir jul liefdevolle omgee vir mekaar en vir die personeel van ons skool. Ook vir die feit dat julle ons skool se naam in die gemeenskap uitdra. 'n Persoonlike dankie aan elkeen wat hul onderwysers bederf met 'n drukkie, blommetjie of briefie – dit beteken vir ons baie!

A sincere thank you to Anneli Karsten, chairperson, and other members of the Governing Body as well as Theresa van der Merwe, chairperson and other members of the PTA. We appreciate all the time spent at school as well as the hard work that goes into school matters. Thank you for your loyal support and sincere interest in our school as well as the active involvement in our school programmes.

Die VOO is voortdurende besig om fondse in te samel en het gedurende die September skoolvakansie die Saal se voorportaal opgeknap. Dit is werklik deesdae 'n plesier om ons Saal te gebruik en om gaste daar te ontvang. Almal is dit eens dat die pragtig lyk – dankie aan almal wat 'n aandeel in hierdie projek gehad het.

'n Verdere dankie aan die OOV-bestuur en ander ouers vir al die ander bydraes tydens skoolfunksies – u betrokkenheid word hoog waardeer. U vergemaklik regtig die onderwyser se taak deur te help met funksies – ons kan nie genoeg dankie sê daarvoor nie. Theresa van der Merwe het aangedui dat sy volgende jaar die leisels as voorsitter oorgee – 'n spesiale woord van dank aan haar vir die onbaatsugtige diens en geweldige harde werk deur die jaar. Geen versoek of taak was ooit vir haar te veel nie en die glimlag was ook altyd teenwoordig. Ons weet dat jy altyd betrokke sal bly by die skool, maar gun jou die meer vrye tyd om aan jou gesin en die plaas aandag te gee. Ons hou u op hoogte met die naam van die plaasvervanger.

Aan die ander uittredende komiteelede sê ons baie dankie vir hul entoesiasme en harde werk! Die harde werk op die snikhete dag by Rhebokskloof is nog vars in ons geheue – dankie dat u altyd alles gedoen het met 'n positiewe gesindheid en blymoedige hart. Dankie ook aan die nuwe komiteelede wat hulself beskikbaar gestel het vir 2012. Baie sterkte vir die nuwe jaar met al sy uitdagings en geleenthede!

GR R Hilde Roberts
GR 1 Tanya Geldenhuys
GR 2 Yvette du Toit
GR 3 Annelize Botha
GR 4 Michelle Gouws
GR 5 Belinda Avery
GR 6 Carien de Villiers
GR 7 Dawn Arendse
GR 8 Engela du Toit
GR 9 Adine Baard
GR 10 Erina du Toit
GR 11 Esme Stander
GR 12 Aletta Marais
Voorsitter: Theresa v d Merwe
Sekretaresse: Ronell v Tonder

PERSONEEL

Aan die einde van 2011 moet HMS Paarl 'n paar geliefde personeellede groet:

Suzanne Strauss het in die laaste twee jaar diep in HMS se hart gekruip. Sy het aanvanklik diens gedoen as bemarker en haar vanjaar toegespits op ons borge en oudleerders.

Ons opregte dank en waardering vir die inisiatief wat sy voortdurend aan die dag gelê het, vir nuwe stelsel wat sy geïmplementeer asook die professionele wyse waarmee sy ons borge hanteer het. Ook vir die geweldige vordering wat daar gemaak is in die daarstel van 'n kontaklys van oudleerders. Ons kan met geruste hart voortbou in die fondasies wat sy gelê het. Ons is hartseer dat sy HMS verlaat, maar weet ook dat sy volgende jaar 'n roeping navolg in Stellenbosch. Ons beste wense vergesel haar.

Mrs Hilary Trautmann leaves Paarl GHS at the end of 2011. We have all grown very fond of Hilary in the finance office and we are sad to see her go. Her friendly personality and helpfulness will be dearly missed. We wish her well for next year – she is not completely lost to the GHS family – she will continue to be a very loyal and actively involved parent of our school.

The demands in the finance office unfortunately, changed dramatically over the last few years. For 2012 the Governing body appointed Mrs Sonia Pienaar, an experienced debtors clerk, to help with the recovery of unpaid school fees.

Ons wil graag mej. Sanet Ackerman en mev. Vonnie Bührman, wat in die laaste twee kwartale in mev. Basson se plek Ekonomie en Rek aangebied het, bedank vir hul toewyding en harde werk. Hulle het dadelik ingeskakel in ons HMS familie en hul plek volgestaan in die skoolaktiwiteite. Sanet het in die week gehoor dat sy aangestel is as Wiskunde en Biologie onderwyser by HS Piketberg. Ons wens haar sterkte toe met die eerste jaar van formele onderwys en die uitdagings wat daarmee gepaard gaan. Vonnie bly steeds volgende jaar betrokke by HMS Paarl, hierdie keer as 'n betrokke en lojale ouer asook 'n gr.9 Wiskunde onderwyser.

For the last 3 years Ms Helene van der Merwe taught Afrikaans and Social Sciences at Paarl GHS. She joined our school fresh from the university and has developed into a very valued colleague. We all grew very fond of this wonderful role model for young ladies. She will be dearly missed. She accepted a teaching post at her Alma Mater, Herschel private school in the Southern suburbs. Our loss is definitely their gain. We wish her well in her future teaching career. We appointed an experienced young teacher, Mrs Cara Potgieter, to take over her teaching duties from next year.

Mev. Elma de Vos, departementshoof Fisiese Wetenskappe, se man, het in die laaste week van die kwartaal verneem dat hy aangestel is as skoolhoof in Tulbagh wat beteken dat hulle as gesin in 2012 moet verhuis. Mev De Vos het in Januarie 2007 by ons aangesluit en met haar kennis en liefde vir die Fisiese Wetenskappe, die belangstelling en getalle in hierdie vakgroep vinnig laat toeneem. Sy het ook, as graadvoog, 'n besondere band met die leerlinge opgebou. Ons verloor 'n uitstekende onderwyseres, maar het begrip vir die veranderende omstandighede in hul huishouding. Ons is tans in die proses om voorsiening te maak vir 'n plaasvervanger vir 2012 en sal u op hoogte hou in hierdie verband.

Mev Junita van Staden is die laaste 26 jaar betrokke by HMS Paarl. Dit is veral in die gr.5-klas waar sy haar kennis met leerlinge gedeel het. Sy was soveel meer as 'n onderwyseres, sy het oor die jare soveel meer as net kennis oorgedra – lewenswaardes, 'n liefde vir naaldwerk en borduur, goeie maniere en selfdissipline. Die onderwys verloor 'n dame wat ontelbaar baie leerlinge se lewens aangeraak het. Ons gaan haar geliefde gesegdes soos "Hallo julle mooi goed" nog lank onthou en haar in ons harte saamdra. Ons gun haar die nuwe rustigheid wat volgende jaar deel gaan word van haar lewe – ons weet dat sy baie tyd op hande gaan hê vir haar stokperdjies en ook veral vir haar kleinkind. Ons mooiste wense vergesel haar aan die einde van haar roemryke onderwys loopbaan.

Die Beheerliggaam se benoemingskomitee het mev. Ammie Dippenaar benoem in 'n permanente WKOD-pos en mej. Mariëtte Hugo aangestel in 'n BHL-pos. Mej. Hugo het reeds 'n paar jaar ondervinding opgedoen in die Vredendal omgewing.

Mrs Marlene Dreyer is expecting the new addition to their family, a little girl named Lienke, in the first week of January. She will therefore be on maternity leave until the middle of the 2nd term. Mrs Heidi Nell will join us as substitute Computer Literacy teacher during this time. We wish Mrs Dreyer, and the rest of her close family, many special hours with Lienke during this time.

My opregte dank aan elke opvoeder wat, weereens, onderrig van hoogstaande gehalte gelewer het. Baie dankie vir u ongelooflike positiewe ingesteldheid teenoor die onderwys, die uitnemendheid waarmee u onderrig en betrokke is by ko-kurrikulêre aktiwiteite. Our teachers spent many hours marking examination papers this

term. A lot of time also went into the preparation of the final marks and the preparing of mark schedules and report cards. Thank you for all the hours that were taken up by these tasks.

HMS Paarl is bevoorreg om passievolle, pligsgetroue onderwysers, administratiewe en ondersteunende personeel te hê, wat elke dag op hul pos is en meer as die spreekwoordelike myl loop om ons kinders se lewens te verryk. Ook Piet en Amanda du Toit en die koshuispersoneel is vir ons goud werd. Aan almal van u wens ons 'n welverdiende ruskans toe. Geniet die familietyd saam met u gesinne – ons sien saam met u uit na 'n opwindende besige 2012!

Once again it is a pity that all learners did not attend school this last week. We use this time of the year to distribute our textbooks for next year. Unfortunately, because too many learners decided to stay at home, we now have to spend two more days in the beginning of next year to complete this process. We apologise to those parents and learners who adhered to our request and attended school these last few days for the loss of valuable teaching time. Thank you to those parents and learners who responded positively to our requests.

FORMELE SKOOLURE 2012

Een van die doelwitte van die Weskaap Onderwys Departement is om die uitslae van leerlinge in veral Tale, Wiskunde en Wetenskappe te verbeter. Om hierdie doelwit teen 2019 te bereik is dokumente saamgestel wat duidelik per graad stipuleer watter kennis die leerlinge moet opdoen en ook hoe dit getoets moet word. All teachers of the Foundation phase, Primary school principals, as well as gr.10 teachers underwent training to familiarise themselves with the new Curriculum Assessment Programme Statements (CAPS) which will be implemented in gr.R – 3 and gr.10 for 2012.

In order to improve the results in Languages, Maths and Sciences, the Education Department also decided to lengthen the formal contact time that teachers need to spend with learners. In a combined school it is always very difficult to stick to these regulations in all grades, e.g. the contact time for gr.R – 2 and gr.3 differ from the contact time for the rest of the school. We unfortunately have no other option than to lengthen our school day by 5 minutes.

From next year the formal school day for gr.1 – 12 will start at 07:40 and end at 14:15. In ons skoolopset met die beperkte sportfasiliteite kan ons nie bekostig om die skooldag later te laat eindig nie – ons is van mening dat dit veel beter is om die skooldag 5 minute vroeër te begin. Ons versoek u dus vriendelik om 'n aantekening hiervan te maak en toe te sien dat u dogter elke dag stiptelik om 07:40 aanmeld vir skool. Please keep in mind that if you only drop her off in front of the school at 07:40, she will be late for rows. You will have to be here at at least 07:35. We appreciate your co-operation in this regard.

- R Colyn –

SCHOOL ANNUAL 2012

The annual this year literally reflects the highlights of 2011 and our beautiful new uniform.

Ons dank en waardering aan alle donateurs en borge wat bygedra het om die koste van hierdie glansblad so laag as moontlik te hou. Ook aan al die leerders en onderwysers wat kreatief gedink het om die tema van die jaarblad uit te beeld!

Congratulations and sincere thanks to Mrs Michele Phelan and Mr Robert Schultheiss, as well as the rest of the editorial staff. It was well worth the wait! Once again this annual is a true reflection of the day to day life of Girls' High. Good luck with the planning for next year – it is going to be difficult to outclass this edition!!

If you did not order a copy you are in luck – a few copies are still for sale at the finance office.

GR.9 REPORT CARDS

Parents will notice that the gr.9 report cards do not include printed marks for German and/or French. We used the official Education Department report card as this serves as an official certificate to indicate the completion of the General Education Phase. Neither German nor French forms part of the subjects used to determine a learner's promotion. We, however, include a separate report card to indicate how the gr.9s managed this language at school.

ONS SKOOL SE VERJAARDAGVIERING

'n Hoogtepunt waarna ons elke jaar uitsien, is die skool se verjaardag. Volgende jaar vier ons die skool se 135ste verjaardag op Vrydag, 27 Januarie 2012.
As in previous years, we will give our parents the opportunity to send the school presents. We appreciate every gift!!

SKOOLGELDE

Baie dankie aan alle ouers wat gereeld hul skoolgeldverpligtinge nakom. Dit is vir ons haas onmoontlik om onderwyserssalarisse en die krediteure te betaal as al ons ouers nie hierdie verpligting nakom nie. Dit bly ons strewe om topgehalte onderwys aan ons leerders te bied en ook om tegnologies vooruit te gaan - sonder elke ouer se ondersteuning in dié verband is dit nie moontlik nie. Baie dankie ook aan die groepie ouers wat baie positiewe insette kom lewer het by ons Begrotingsvergadering – dit is werklik baie hoog prys gestel. Ouers word vriendelik versoek om wanneer skoolfondsbetalings gedoen word, die rekeningnommer wat op die staat staan, bv HOE001, as verwysing te gebruik. Dit is haas onmoontlik om gelde na die regte rekening te allokeer indien die verwysing nie gebruik word nie. Dit sal waardeer word indien bewyse van betalings vir gelde anders as skoolfonds asseblief deurgefaks word, sodat die finansiële kantoor hierdie fondse na die regte rekeninge kan allokeer. U samewerking in hierdie verband sal waardeer word.

STATIONERY

It is the parents' responsibility to ensure that all learners have the prescribed stationery for next year. Work in classes will commence in the very first week of the new school year – without books in which to complete class work your child will start with a disadvantage. Thank you to all parents who supported the Walton's back to school programme. The school receives a rebate of all sales.

Skryfbehoeftebestellings wat nie by die skool afgehaal is nie, is beskikbaar by die Waltons in die Paarl.

SENIOR SERTIFIKAAT EKSAMEN 2011

Ons dank en waardering aan Nina Slabbert, hoof eksamentoesighouer en die groep opsieners wat so mooi na ons gr.12 leerders omgesien het tydens die eksamen. Die rustigheid en kalmte wat deur hul teenwoordigheid geskep word in die eksamenlokaal is van onskatbare waarde.

The results of our gr.12 learners will be available at school on Thursday, 5 January 2012 from 12:00 – 14:00. Ons nooi graag al ons gr.12's om dié dag om 11:00 by die skool te wees ten einde saam die "afwagting" te vier. Ons is seker ons matriekgroep gaan vanjaar weer uitstekende resultate in die eksterne eksamen behaal – ons glo hulle gaan ons stoutste verwagtinge oortref!

TEXTBOOKS

Textbooks were handed out to the high school learners during the last week of this term. If your daughter did not attend, she will receive books early in next year. In some cases learners either forgot to hand in the textbooks of 2011, or lost some of their textbooks. In those cases learners received textbook accounts to replace these books. If these accounts are not settled before 11 January 2012, your child will not receive her text-books for 2012. Parents will then have to buy the textbooks from retailers. It is the responsibility of the learners to look after their books and replace them if they are lost or damaged beyond repair.

HMS BOUTIQUE

Die Boutique het hierdie kwartaal 'n splinternuwe voorkoms gekry. Met die hulp van die OOV en veral Engela du Toit, spog die Boutique met nuwe rakke, 'n mat en is mooi geverf en versier. Hierdie moderne Boutique pas pragtig by die dogters se nuwe skooluniform.

CULTURE

Reeds op die 2de dag van die kwartaal, tydens ons jaarlikse Prestige musiekkonsert in die skoolsaal, het ons musiekpersoneel en –leerlinge hulle pragtige talente ten toongestel. Ons wil graag die OOV van harte bedank vir die moeite wat hulle gedoen het om die saal te versier. Die pragtige tafelversierings voorsien deur Engela du Toit en Vonnie Bührmann het baie positiewe kommentaar ontlok.

Die koor het ook by hierdie geleentheid hul eerste optrede van die kwartaal gehad. Op Sondagmiddag, 16 Oktober het ons die jaarlikse koorkonsert aangebied in HS Gimnasium se ouditorium. Die doel van hierdie optrede was om vir oulaas ons matrieks die geleentheid te gee om deel te neem en ook om die jaar se repertorium vir ons koorouers te sing. Ongelukkig het verskeie koorlede nie opgedaag het nie wat 'n demper geplaas het op die geleentheid. Baie dankie aan die lojale ouers en koorlede wat wel die middag bygewoon en geniet het.

On the 28th of October, the GHS choir took part in a mass choir that participated in the Cultivaria production, Timeless, at the Paarl Amphitheatre. This was a great opportunity for the learners to sing in a production of this caliber and to sing with well known artists like Rina Hugo, Jannie Moolman and Kevin Leo. We hope that we can do this again next year.

Our last performance of the year was on Wednesday, 7 November at our annual Christmas concert in the Strooidak Church during school time. It is really important that a choir member must be totally devoted to the choir when she decides at the beginning of the year to commit to the choir. It is very frustrating for the rest of the members if somebody is not trustworthy. We, as parents, must teach our children to be responsible and loyal in all aspects of life.

I am looking forward to 2012 with the choir, as it will be my last year at GHS after 22 years as choirmaster filled with many sweet memories with your lovely children. Thank you very much for the opportunity to work with them.

During the second week of the term it was time for theory exams and everybody enrolled did their best to be ready and prepared on time.

Op 17 November het ons laerskoolmusiekleerders hulle beurt gehad om konsert te hou. Hierdie konsert, wat in die Frank Pietersen musiek-sentrum plaasgevind het is bygewoon deur talle ouers en grootouers. Ten spyte van die feit dat dit 'n lang aand was en 66 items gelewer is, was almal baie trots op die jong musikale leerlinge wat, met selfvertroue, voor so 'n groot gehoor kon optree.

-Louna Stofberg & Etresia Hendricks -

LEERDERLEIERS

Met baie energie en entoesiasme het die VRL, Matriekraad en laerskool prefekte, hul leiersjaar op 'n hoë noot afgeskop. Die laerskool leierskamp het einde Oktober in Port Owen plaasgevind, terwyl die hoërskool leierskamp by True North in Grabouw plaasgevind het. Dit was 'n baie leersame ervaring en dit het hulle goed voorberei vir die baie take wat reeds hierdie kwartaal verrig moes word. Die onderwysers is tydens die nasientydperk bederf met motiverende geskenkies, sakke vol nie-bederfbare produkte is vir ons getroue werkers as Kersgeskenk bymekaargemaak en 'n muntlegging vir die Paarl Post is gereël waartydens die mooi bedrag ingesamel is. HMS se leiers belowe om in 2012 van krag tot krag te gaan en borrel van entoesiasme en nuwe idees. Baie dankie aan elke leier wat tot die einde, en deur die eksamens, so hard gewerk het!!

Baie geluk aan ons hoofdogter van 2012,Landi Ehlers, wat gekies is om deel te wees van die 53ste Burger Jeugleierskonferensie gedurende die eerste week van die Desembervakansie. Voor-waar 'n prestasie om op trots te wees!!

Akademiese prestasies

ACADEMIC RESULTS

Congratulations to all our academic achievers. We are very proud of all our learners who did their best during the last term. Our learners have really done us proud – the passing rate, from gr.1 to gr.11, for this year is an outstanding 99,3%. Well done to all teachers and learners!

We would like to publish the names (in alphabetical order) of our ten best achievers in gr.8 – 11.
Well done, girls! We are very proud of you! Thank you for all your hard work. Success comes through dedication!

GR 4
Avery Sage
Avis Alexandra
Baudewig Lara
Grier Amie
Hardisty Nadine
Jacobs Luzé
Joubert Tanya
Smit Anika
Van der Bank Dané
Williams Taylor

GR 5
Birch Danielle
Conradie Joanne
Davin Phoebe
De Villiers Mia
Kleynhans Anelia
Lubbe Daniélle
McMillan Robyn
Pienaar Joanrae
Potgieter Eldoné
Pretorius Francia

GR 6
Bouwer-Bosch Tamzyn
Frey Babette
Kirsten Ana Lulu
Le Roux Zani
Nelson Schanté
Pople Charmonique
Rousseau Jeanne-Marie
Van Deventer Cayla
Van Heerden Helma
Volschenk Jean-Marie

GR 7
Basson Hesmari
Bührmann Vonny
Du Toit Nikola
Hörnlein Nina
Labuschagne Hugh-Jeani
Mans Marné
Smit Carlien
Thoresen Tamsin
Van der Merwe Jani
Van Rooyen Emma

GR 8
Eksteen Anke
Groenewald Monique
Labuschagne Sarah
Nel Jeanne
Rademan Alyssa
Smit Alexandra
Smit Jonese
Smit Sunette
Smuts Marina
Van Niekerk Nicola

GR 9
Bestbier Grethe
Dale Lieke
De la Bat Renske
Laubscher Leila
Litchfield Annabelle
Louw Joy
Naude Jeanette
Pollard Naulette
Rheeder Corli
Smuts Matilda

GR 10
Bradbury Sian
Bruwer Marikie
Burger Este
Burger Kayla
Coetzee Jessica
Kirsten Lisa
Oosthuizen Carol
Smit Elzaan
Stander Hermine
Van Tonder Christel

GR 11
Bester Maretha
Coetzee Marilee
Fourie Anri
Hauptfleisch Esti
Janse v Rensburg Lohandi
Mouton Wilmari
Smuts Delene
Steyn Tayla
Van der Merwe Anrika
Van Schalkwyk Jacqueline

HIGHLIGHTS OF/ HOOGTEPUNTE VAN 2012

First Term:
GHS Birthday celebrations: 27 January
Valentynsbal: 10 Februarie
4M Athletics: 22 February
HMS Gholfdag: 9 Maart
Gr 9 Romeo & Juliet: 14 & 15 March

Second Term:
All Girls' Festival: 25 – 30 April
Miss Girls' High: 15 May
Personeelkonsert

Third Term:
Interschool: 31 July – 3 August
Matriekafskeid: 26 September
Girls' High Musical: Hairspray

Vierde Kwartaal:
Artes Evening: 10 October
Prysuitdeling: 11 Oktober
Kleure Atletiek: 17 Oktober
Borgefunksie: 31 Oktober
Foundation Phase Prize Giving

'n Spesiale versoek aan alle besoekers by die see: tel asb. vir ons heel Nautilus skulpe op en bring dit skool toe.

May this Festive Season be filled with happiness and love! God bless you all!